HOëRSKOOL PJ OLIVIER
GRAHAMSTAD

www.pjolivierhs.co.za
epos: pjolivierlab@imaginet.co.za

Posbus 273
GRAHAMSTAD
6140

04 November 2012

**HEIL DIE LESER**

Hiermee getuig ek, die ondergetekende, graag soos volg ten gunste van:

**MEV. ERIKA ESTERHUIZEN : H.O.D. SENIOR PRIMÊR, VERDERE DIPLOMA IN SPESIALEKLAS ONDERWYS, VERDERE DIPLOMA IN REKENAARONDERSTEUNDE ONDERRIG, KANDIDAAT B Ed HONNEURS – 2012 (NMMU)**

Mev Esterhuizen is sedert Julie 2000 as onderwyser aan my goed bekend. Sy is reeds sedert 1991 verbonde aan Hoërskool P.J. Olivier as onderwyser en sedert Januarie 2011 is sy lid van die skool se leierspan. Vir daardie funksie word sy deur die Beheerliggaam vergoed. Haar portefeulje is Departementshoof Inligtingstelsels, ‘n pos wat sy met die nodige waardigheid en kennis beklee. Op akademiese gebied is sy verantwoordelik vir die onderrig van Rekenaartoepassingstegnologie vir Grade 10 tot 12. Sy bied ook Rekenaargeletterdheid aan vir die Graad R tot 9 klasse. Vele van haar leerders het ook reeds die ICDL Diploma suksesvol voltooi.

Onder haar bekwame leiding het die onderrig van rekenaars aan ons skool gedurende die afgelope dekade gegroei vanaf ‘n baie basiese opleiding met vyf rekenaars, tot die huidige volledig toegeruste twee rekenaarlaboratoriums wat ongeveer sestig studente gelyktydig kan hanteer. Haar visie oor rekenaargeondersteunde onderwys het ook daartoe gelei dat daar internet in elke klas beskikbaar is en elke klas toegerus is met die nuutste dataprojektor en klankstelsel. Binnekort sal elke onderwyser ook beskik oor n nuwe skootrekenaar om hulle te bemagtig om onderwys effektief en tegnologies die toekoms in te neem. Tans is Hoërskool P.J. Olivier die leier op hierdie gebied in Grahamstad en dit is absoluut te danke aan die passie en visie van Mev. Esterhuizen.

As onderwyseres lewer Mev. Esterhuizen puik werk. Behalwe dat haar uitslae baie goed is, slaag sy daarin om haar vakke op ‘n inspirerende en entoesiastiese wyse by haar leerlinge tuis te bring. Haar aanbieding is interressant, stimulerend en lewendig. Sy slaag goed daarin om by die leerlinge die liefde en gevoel vir haar vakke te ontwikkel. Sy het baie inisiatief en klein detail gaan by haar nie ongesiens verby nie. Sy beskik oor dryfkrag om dinge aan te pak en deur te voer. Haar Rekenaarlaboratoriums adem dan ook die gees van haar vak. Sy het haar juis vanjaar bewys as inspirerende leier wat die leiding neem in die heropbou van die skool nadat haar rekenaarsentrums in Februarie in ‘n brand verwoes is.

Ek het haar leer ken as ‘n baie aangename, vriendelike en deeglike kollega. Haar mooi positiewe geaardheid maak haar nie net ‘n geliefde onderwyser by die leerlinge nie, maar sy is ook gewild onder haar mede personeel. Op haar persoon is sy baie netjies en die werk wat sy binne en buite die klaskamer verrig, dra die onmiskenbare stempel van deeglikheid en netheid.

Mev. Esterhuizen is ‘n persoon met ‘n mooi en gebalanseerde persoonlikheid en pragtige karaktereienskappe. Sy het groot deernis vir haar medemens en ontsien nooit enige moeite om net die beste vir ander te doen en te gee nie. Haar lojaliteit teenoor die skool en as kollega is prysenswaardig. Sy het ‘n positiewe uitkyk teenoor haar werk in die besonder en teenoor die lewe in die algemeen.

Mev. Esterhuizen het vaste Christelike beginsels wat sy nie skroom om uit te leef nie. Dit waarin sy glo, word nie prysgegee nie en is daagliks deel van haar lewe.

‘n Baie mooi eienskap wat by Mev. Esterhuizen raakgesien word, is die besondere wyse waarop sy met haar leerlinge werk. Sy is streng en handhaaf ‘n besondere goeie dissipline, maar op so ‘n wyse dat sy nie die kinders van haar vervreem nie. Leerlinge werk vir haar omdat dit vir hulle ‘n begeerte is om vir haar goeie werk te lewer. Haar leerlinge se werk word ook goed gekontroleer en ge-evalueer.

Buitemuurs is Mev. Esterhuizen besonder veelsydig en het sy haarself reeds op die hokkie-, tennisbaan en atletiekveld as ‘n staatmaker bewys wat altyd goeie dienste lewer. Sy is altyd bereid om haar deel te doen. Sy het veral haar merk gemaak as effektiewe administrateur en is van kardinale belang in die instandhouding van die skool se rekenaarnetwerk. Haar kennis en vaardigheid in hierdie verband is onvervangbaar. Sy is ook verantwoordelik vir die opstel van die skoolrooster. Hierdie taak verrig sy met onderskeiding veral omdat dit ‘n gekombineerde skool is met onderwysers wat in die laer- sowel as hoërskool skoolhou.

Mev. Esterhuizen is ‘n natuurlike leier en skroom nie om leiding te neem wanneer die situasie hom voordoen nie. Die leiding wat sy neem, word onvoorwaardelik deur haar kollegas en deur die gemeenskap aanvaar. Sy beskik oor ‘n uitstekende oorredingsvermoë wat van haar ‘n goeie spreker maak. Hierdie talent het sy nog altyd tot voordeel van die onderwys gebruik en by vele geleenthede vir haar skool welslae behaal.

Sy was vir twee jaar agtereenvolgens ‘n finalis by die South African Innovative Teachars Awards. (2010 en 2011). Sy is ook tans besig met haar Graadstudies deur NMMU en voltooi die graad aan die einde van 2012. Rhodes Universiteit en NMMU het reeds ook aangedui dat hulle belangstel dat sy haar Meestersgraad deur hulle moet doen in Skoolinligtingstelsels.

Binne die gemeenskap huiwer Mev. Esterhuizen nie om haar bydrae te lewer nie. Sy was lid van die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Kerk en is ten nouste betrokke by die suksesvolle aanbieding van dataprojektor tegnieke.

Om op te som: Mev Esterhuizen is ‘n waardevolle onderwysmens. Haar professionele optrede en die uitleef van die onderwysideaal, maak van haar ‘n leerkrag uit een stuk. Ek kan haar met groot vrymoedigheid aanbeveel vir enige pos waarvoor sy mag kwalifiseer. Enige verdere inligting of navrae sal met graagte voorsien en beantwoord word.

My beste wense vergesel haar.

*PJ Snyders*

P.J SNYDERS
SKOOLHOOF
10 OKTOBER 2012